HOËRSKOOL ALBERTON

BELEID TEN OPSIGTE VAN
ALGEMENE SKOOLREËLS - 2016

1. GESAGSFEER VAN DIE SKOOLREËLS

1.1 Leerders is gebonde aan die skoolreëls en onderworpe aan die gesag van die skool soos deur die gedragskode vervat.

1.2 Skoolreëls geld by alle skoolaktiwiteite; nl. wanneer leerders in skooldrag is en ook funksies waar leerders van hierdie skool as sportspanne, kultuurgroepe ens. gesellig sou verkeer - tydens en na normale skoolure.

2. SKOOLBESOEK EN KLASBYWONING

2.1 Indien 'n leerder afwesig was, moet dit in die Alliegids deur die ouers aangeteken en geparafeer word. Die leerder bied die verskoning by hy/sy **VOOGONDERWYSER** aan op die **EERSTE DAG** wat die leerder terug by die skool is.

2.2 Doktersbriewe word vereis vir:

2.2.1 langdurige of gereelde afwesighede
2.2.2 indien 'n eksamenvraestel of toets as gevolg van siekte nie geskryf kan word nie.

2.3 Ouers moet skriftelik in die Alliegids om verlof aansoek doen, indien 'n leerder tydens skoolure die skoolterrein moet verlaat. **GEEN LEERDER SAL DIE TERREIN VERLAAT AS HY/SY NIE DEUR 'N OUER/VOOG PERSOONLIK AFGEHAAL WORD NIE.**

GR. 8 – 10-leerders kry verlof by mnr F Erasmus / me E Jordaan
GR. 11 en 12 leerders by mnr H Schoeman
Ouers word versoek om afsprake liefs NA SKOOL te maak.

2.4 Indien 'n leerder by die skool siek word, moet die leerder by die **admin-kantoor** aanmeld, waarna die ouers, indien nodig, geskakel sal word. (Leerders skakel nie self hulle ouers nie).

2.5 Laatkommers MELD EERS BY DIE KANTOOR AAN, waar dit in hul ALLIEGIDS aangeteken word en gaan meld daarna by hul voogde aan om die register reg te stel.

2.6 Leerders moet die skool en lesperiodes getrou bywoon - stokkiesdraai en klas bank is baie ernstige oortredings en sal sodanig hanteer word.

2.7 Indien 'n betrokke personeellid afwesig is, moet die leerder sy voorskrewe toesig, volgens sy rooster, volg.

2.8 **GEEN** LEERDER MAG DUS GEDURENDE LESPERIODES <u>sonder toestemming</u> êrens op die terrein wees nie.

2.9 Aan die einde van elke lesperiode, sal 'n klok lui vir klaswisseling. Tien minute word toegelaat, dan moet die leerders reeds in die volgende klas wees. **Na tien minute kan 'n leerder toegang geweier word, omdat hy/sy die res van die klas ontwrig en lestyd weerhou.**

3. EKSAMENREËLINGS

3.1 GEEN afwykings van die datums en tye soos vasgestel op die eksamenrooster, kan toegelaat word nie.

3.2 Siekte - eksamen sal vir leerders wat doktersbriewe vir afwesighede inhandig, gereël word. IN ALLE ANDER GEVALLE sal 'n NULPUNT toegeken word.

3.3 Leerders en ouers word deur die skool se eksamenbeleid gebind.

4. TELEFOON

4.1 GEEN leerder mag 'n selfoon tydens KLASTYD GEBRUIK NIE! Selfone kan NET NA SKOOL gebruik word, indien dit 'n noodgeval is.

4.2 Enige ouer/voog wat sonder 'n afspraak by die skool opdaag, nadat so 'n ouer/voog deur 'n leerder geskakel is, sal moet wag totdat 'n ondersoek na die probleem afgehandel is.

4.3 GEEN leerder mag die publieke (kaart-) telefoon by die admin-kantoor gebruik, SONDER die medewete van me Roux. (die ontvangsdame) nie

5. KLEEDKAMERS

Kleedkamers MAG slegs VOOR skool, pouses en NA skool besoek word. In alle ander gevalle moet toestemming van 'n onderwyser eers verkry word.
VRA VIR SLEUTEL: SEUNS: ME L VENTER
: DOGTERS: ME M VENTER

6. SKOOLEIENDOM

Leerders wat skooleiendom, geboue en apparaat beskadig, sal AANSPREEKLIK gehou word vir die skade. Dit sluit ook handboeke, vandalisme, ens. in en verdere stappe kan toelating tot die skool in gedrang bring - in ernstige gevalle sal 'n klag van saakbeskadiging teen so 'n leerder aanhangig gemaak word.

7. SIEKEBOEG

Toestemming aan die leerder om in die siekeboeg te wees, sal slegs deur die admin-kantoor gegee word (*Na 9:00) en GEEN "besoekers" word toegelaat nie. (Vra vir me I Roux)

8. POUSES

8.1 Die skoolterrein mag onder GEEN omstandighede SONDER SKRIFTELIKE TOESTEMMING VERLAAT WORD NIE.

8.2 GEEN leerder mag met buitestanders gedurende skoolure, kuier nie.

8.3 Leerders MAG NIE in klaslokale tydens pouses wees nie.

8.4 <u>Verbode terrein</u>:

8.4.1 agter tydelike klasse; + agter die siviele tegnologiesentrum; agter die garage en naby die administratiewe personeel se woonkwartiere
8.4.2 parkeerruimtes vir motors;
8.4.3 loodse – vir fietse;
8.4.4 skoolsaal en LO-saal;

8.4.5 sportterrein
8.4.6 die terrein in en om die lapa.

9. DIE VOLGENDE WORD VERBIED

9.1 Sigarette, verbode middels en drank op die skoolterrein (ook tydens funksies, sosiale-, kultuur-, en sportbyeenkomste en op toere of uitstappies).

9.2 Swak taal en gedrag.

9.3 Bakleiery.

9.4 Slordige voorkoms. (LET WEL: hare; baarde en snorre; kleredrag)

9.5 Dobbelary

9.6 GEEN ongemagtigde byeenkomste

10. VOERTUIE EN PARKERING

Motorvoertuie van leerders mag slegs by die pawiljoen parkeer word, anders moet dit buite die skoolterrein gelaat word.

GEEN leerder mag tydens amptelike skoolure na sy motor gaan nie.
DIT SLUIT POUSES OOK IN.

GEEN leerder mag 'n motor of motorfiets bestuur sonder 'n geldige bestuurslisensie nie. Oortreders sal sonder versuim by die Verkeersafdeling aangemeld word.

MNR H J SCHOEMAN
HOOF

MNR C BOTHA
BEHEERLIGGAAMVOORSITTER